

Fokusarea 2

Hierdie vier standaarde fokus op hoe die ontwerp en deurvoering van 'n geïntegreerde gehaltebestuurstelsel aan die instelling die waarskynlikheid van studentesukses bevorder en die gehalte van leer-, onderrig- en navorsingskontak verbeter, asook op hoe die uitkomst van opbouwende, geïntegreerde gemeenskapsbetrokkenheid binne die konteks van die institusionele missie ingevoer kan word.

Standaard 5	Standaard 6	Standaard 7	Standaard 8
<p>'n Gehalteversekeringstelsel is gevestig wat minstens die volgende behels:</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) oorsigbestuursreëlings, (ii) beleide, (iii) prosesse, prosedures en planne, (iv) rigtinggewende bevindings, (v) impakmeting en (vii) databestuur en -benutting, en wat die lewering van die HOI se kernfunksies verwesenlik. 	<p>Menslike, infrastrukturele, kennisbestuurs- en finansiële hulpbronne ondersteun die verrigting van die instelling se kern-akademiese funksies oor alle lokusse van verskaffing heen, en is met die gepaardgaande gehaltebestuurstelsel in lyn gestel ooreenkomstig die institusionele missie.</p>	<p>Geloofwaardige en betroubare data (bv. oor deursettings- en afhandelingskoerse) word sistematies vasgelê, aangewend en ontleed as 'n geïntegreerde deel van die institusionele gehaltebestuurstelsel waarvolgens konsekwente en volhoubare besluitneming gestuur kan word.</p>	<p>Sisteme en prosesse monitor die instelling se kapasiteit vir gehaltebestuur aan die hand van die getuienis wat ingesamel is. Kapasiteit vir gehaltebestuur op grond van getuienis wat ingesamel is</p>
Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel	Hoogs funksioneel
<ul style="list-style-type: none"> + Daar is 'n goed gevestigde gehaltebeheerstelsel vir departemente en steundienste. + Daar is 'n beleid wat konseptueel duidelik is. + Daar is getuienis van gehaltebevorderingsinisiatiewe. + Die goedkeuringstelsel vir programme is doeltreffend. + Inskrywingsbeplanning en -bestuur is doeltreffend. + Navorsingsontwikkeling word op verskeie vlakke verskaf. + Navorsingsetiek is deeglik in programme vervleg. + Daar is 'n institusionele denkwysie oor sosiale impak. 	<ul style="list-style-type: none"> + Die gehalteversekeringstelsel is doeltreffend en afgewentel. + Die Biblioteek- en Inligtingsdiens is uitmuntend. + Die IKT-infrastruktuur en -stelsels is voldoende en gepas. + Die Kampusvernuwingsprojek is op dreef. + Omvattende ontwikkeling van akademiese personeel vind plaas met die oogmerk om onderrig in verskeie modaliteite te professionaliseer. 	<ul style="list-style-type: none"> + Die SUN-i-besigheidsintelligensiestelsel, Power BI-kontrolepaneel en amptelike interne verslae word aktief benut, op institusionele sowel as fakulteitsvlak. + SUNSuccess is klaar ontwikkel. 	<ul style="list-style-type: none"> + 'n Kontrolepaneel met US-inligting is saamgestel. + Verslae oor kernstatistiek word aangewend om fakulteite en departemente op selfevaluering voor te berei.

MOONTLIKE AKSIESTAPPE TER VERBETERING

<ul style="list-style-type: none"> - Sommige beleidsdokumente moet binnekort hersien word sodat hulle onderling met mekaar belyn - Hoëvlaksteun word benodig om selfevaluerings uit te voer. 	<ul style="list-style-type: none"> - Die kapasiteit vir personeelvoorsiening vir akademiese beplanning en gehalteversekering (ABG) moet in gehaltebestuursbehoefte voorsien en verder op gehalteverbetering fokus. - Hibriediese leer plaas druk op fasiliteite vir die herlaai van elektriese toestelle en die beskikbaarheid van Wi-Fi. - Daar is kommer oor personeelwelstand, veral gedurende en na Covid-19. 	<ul style="list-style-type: none"> - Die lae responskoers op die elektroniese opname onder studente geniet aandag deurdat die beleid en elektroniese studenteterugvoerstelsel herbeskou word. - SUNSuccess moet verder ontwikkel en deurgevoer word. 	<ul style="list-style-type: none"> - Herbeskou die gehalteversekeringsproses om vir onderbrekings te voorsien en uitstelling te beperk. - Fakulteite het verdere inligting uitgewys wat benodig word, bv. programwye studenteterugvoer, nasporingsdata oor alumni en afgestudeerdes, kohortontleding, 'n nasionale en holistiese beskouing van studentevordering/-sukses, nasionale ranglyste (per fakulteit), nadoktorale inligting, (socio-)ekonomiese en kwalitatiewe impak van navorsingsuitsette en meting van sosiale impak.
--	--	--	--